Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 38: *Korach* **(קורח)** – Korag

Korag, die seun van Yitz'har, die seun van K'hat, die seun van Levi, saam met Datan en Aviram, seuns van Eli'av, met On, die seun van Pelet, seuns van Re'uven, het aksie geneem en hulle het opgestaan voor Moshe, saam met sommige van die seuns van Yisra'el, twee honderd en vyftig leiers van die vergadering, verteenwoordigers, manne van naam. Num. 16:1 en 2 – PWL[1]

Torah: Num. 16:1 tot 18:32

Haftorah: 1 Sam. 11:14 tot 12:22

Nuwe verbond: Rom. 13:1 tot 7; Heb. 13:17; Judas 1 tot 25; Joh. 15:1 tot 7;1 Kor. 9:7 tot 14; Gal. 6:6; 1 Tim. 5:17 tot 18; Matt. 23:2; Matt. 5:1; Luk. 4:20 tot 22.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 38 wat afgelaai kan word by: Parashah38Notas14 of by Parashah38Notas15.

Nail down your choice! The nail prints of Messiah, which bought your salvation, or the nails of your coffin, put in place by the hammer of man! – Anonymous.

Jumping to conclusions can be a bad exercise – Kalmann Packouz

Today´s church wants to be raptured from responsibility – Leonard Ravenhill.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Midrash (Torah Bespreking)

Hedendaagse Rebellie Van Korag

Hierdie week se Torahskriflesing is die geskiedenis van Korag, Datan, Abiram, On, tesame met 250 man wat teen Moses en Aäron gerebelleer het. Moses se gesag en sy roeping (aanstelling) deur YHVH was deur Korag en sy bende bevraagteken en teengestaan. Om teen Moses te rebelleer was om teen YHVH self te rebelleer. Beleef ons in hierdie dae weer die gees van Korag wat teen YHVH rebelleer, veral teen Sy gesagstruktuur van die nuwe verbond?

Rebellie teen YHVH en teen Sy gesagstruktuur is ‘n baie ernstige oortreding (sonde) wat gestraf sal word!! Hierdie is ‘n baie belangrike les vir ons om te leer!

In parashah 36 het Mirjam kwaadgespreek van Moses en is met ‘melaatsheid’ gestraf (‘n fisiese manifistasie van ‘n onrein toestand weens sonde)(Num. 12:1 tot 16, veral verse 10 en 11).

In parashah 37 het tien van die twaalf verkenners van Kanaän kwaadgespreek van (gelaster teen) YHVH en van die Beloofde Land en het hulle gesterf deur ‘n plaag wat hulle getref het (Num. 14:37). Die volk se straf vir hulle murmerering (rebellie) was dat almal van die ouderdom van 20 jaar en ouer in die wildernis gesterf het en nie Kanaän binne kon gaan nie (Num. 14:29 tot 35 – let op vers 33 wat na hierdie rebellie as hoerery verwys). Om teenstrydig met YHVH se beloftes te praat en op te tree is rebellie!

Rebellie is om die gesag waaronder jy staan te ondermyn hetsy deur openlike of subtiele (bedekte) aksies. Murmurering (ontevredenheid) is ook rebellie! Daarom was Mirjam, die tien verkenners en die volk se murmerering rebellie teen YHVH en Sy gesagstruktuur. Dit was ook wantroue in YHVH se beloftes en dit het die toorn van YHVH ontketen.

Korag en sy bende het YHVH se gesagstruktuur van Moses en Aäron waaronder hulle gestaan het, ondermyn deur openlike en subtiele (bedekte) aksies. Dit het hulle dood gekos.

Hierdie week se Torahskriflesing is dus weereens ‘n waarskuwing oor die ernstige gevolge van rebellie teen YHVH se gesagstruktuur!

YHVH se gesagstruktuur van die nuwe verbond is Yeshua as Ewige Koning, Ewige Profeet en Ewige Hoofpriester volgens die orde van Melgisédek. Elke wedergebore en Geesgevulde gelowige is ‘n priester in die orde van Melgisédek.

Elkeen wat nie deel is van die nuwe verbond (Heb. 8:8 tot 12) en nie gehoorsaam is aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua Messias vervul is nie, asook elkeen wat nie daarmee saam YHVH se aangestelde priesterorde van die nuwe verbond erken en eerbiedig nie, staan skuldig aan die rebellie van Korag!!

Soos voorheen al bespreek is, het die Levitiese priesterorde saam met Israel van ouds in die wildernis getrek. Dit was die aangestelde priesterorde tot en met Yeshua se folterdood en opstanding! Toe het daar ‘n verandering in die Torah van Moses plaasgevind (Heb. 7:12 tot 17). Daarom, in die wildernis van hierdie lewe is die Levitiese priesterorde vervang met die priesters volgens die orde van Melgisédek (*Malki-Tzedek*) met Yeshua as die ewige Hoofpriester. Hoe jammerlik is dit dat soveel in die Messiaanse Beweging egter skuldig is aan Heb. 5:10 en 11, asook verse 12 tot 14, naamlik:

Hy is deur God as Hoofpriester aangestel, volgens die beeld van Malki-Tzedek.
Ons het baie te sê in ons redevoering aangaande Hom en dié Malki-Tzedek en dit is moeilik om te verduidelik omdat julle swak geword het in julle gehoor,
want alhoewel julle, vanweë die tyd wat julle geleer het, leermeesters behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle moet leer wat die eerste beginsels van die woorde van God is en het julle weer 'n behoefte aan melk en nie aan vaste kos nie,
maar elkeen wat melk drink, is nie bekend met die boodskap van onpartydige opregtheid nie omdat hy 'n baba is,
maar vaste kos is vir volwassenes, wat, deur oefening, hulle sintuie leer om goed van kwaad te onderskei.

Talle gelowiges het swak (traag) geword om te hoor en te verstaan dat die Levitiese priesterorde na die folterdood en opstanding van Yeshua vervang is met die priesterorde volgens Melgisédek. Hulle is verblind deur Rabbynse Judaïsme en hou vas aan die Levitiese priesterorde – dit ten spyte van wat die Skrifte van die nuwe verbond ons leer!

Yeshua is ons Ewige Hoofpriester en ons, sy dissipels, is die priesters. Daarom moet ons nie *by die aanvanklike boodskappe aangaande Die Gesalfde Een bly nie, maar na die volmaaktheid aangaan* (Heb. 6:1). Deel van hierdie volmaaktheid is om diens te doen as priesters van die Melgisédekorde in YHVH se Koninkryk!

Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgegee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort.
1 Pet. 2:9 en 10 – PWL.

Ons is die priesters en arbeiders in YHVH se Koninkryk! En ons leef in 'n tyd waar die siele-oes ryp is, maar waar die arbeiders, naamlik die wat selfstandig volgens die woord kan optree en lewe, min is!

In hierdie tyd waarin ons lewe moet ons leermeesters wees wat geestelike babas aanneem en hulle met die onvervalste melk van die woord voed sodat hulle ook geestelik volwasse kan word – gelowiges wat onafhanklik van mense, maar slegs afhanklik van YHVH, selfstandig in die wildernis van hierdie lewe kan oorleef – 'n priesterdom sonder 'n tempelgebou, want ons is die tempel:

*Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en dat die Gees van God in julle bly nie? Wie ook al die tempel van God vernietig, hom sal God vernietig, want die tempel van God is afgesonderd en dít is julle.*1 Kor. 3:16 en 17.

Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Gees van Afsondering is, wat in julle bly, wat julle van God gekry het, nie? Julle behoort nie aan julleself nie, want julle is gekoop vir 'n prys. Bring daarom eer, lof en aanbidding aan God in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort. 1 Kor. 6:19 en 20.

Soos voorheen al bespreek is, moet ons besef dat daar net een Hoofpriester en een priesterdom in YHVH se Koninkryk kan wees, want anders is daar verdeeldheid. En ons weet dat 'n verdeelde koninkryk nie staande kan bly nie (Matt. 12:25). Elkeen wat glo in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias tot versoening met YHVH het 'n keuse: Wie kies jy as hoëpriester? Die een wat deur YHVH aangestel is as Ewige Hoëpriester of die een wat deur mense (Rabbynse Judaïsme) aangestel gaan word wanneer die derde tempel in alle waarskynlik binnekort voltooi gaan word?

Die gees van Korag is onderliggend in ons elkeen weens ons sonde-geneigdheid. Wat die vlees bedink is vyandskap (rebellie) teen God, want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie (Rom. 8:7). Paulus verwys ook hierna in Rom. 7:14 tot 23, naamlik dat ons weet wat die goeie is om te doen, maar so dikwels doen ons dan die teenoorgestelde. Ons vlees is geneig tot rebellie teen YHVH se wil vir ons. Ons vlees rebelleer teen Torah en is voortdurend op soek na redes om nie Torah-gehoorsaam te wees nie. MAAR in Yeshua is daar oorwinning oor hierdie rebellie teen YHVH se onderrig en instruksies.

Ek vind dus 'n wet, wat met my gewete saamstem, wat kies om die goeie te doen omdat die bose naby my is, want ek verheug my in die wet van God vanuit die innerlike mens, maar ek sien 'n ander wet in my lede wat oorlog maak teen die wet van my gewete en my gevange hou aan die wet van die sonde wat in my lede is. Ek is 'n ellendige mens! Wie sal my red uit hierdie liggaam van die dood? Ek dank God: deur ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een! Ek is daarom nou met my gewete 'n slaaf van God se wet, maar in my vlees 'n slaaf van die wet van die sonde. Rom. 7:21 tot 24

Bepeins of Bespreek

1. Is ongehoorsaamheid aan YHVH se Torah (Woorde, onderrig en instruksies) ook rebellie? Lees 1 Sam. 15:1 tot 24, veral verse 22 en 23. Waarmee word Saul se ongehoorsaamheid vergelyk?

2. Die siele-oes is groot en die tyd min om die oes in te bring voor dit op die oes op die landerye tot niet sal gaan. Is daar 'n dringendheid by jou om 'n arbeider te wees wat bereid is om te help om die oes van siele in te bring? Kom ons luister weer biddend en aandagtig na die woorde van Yeshua:

Toe sê Hy vir sy studentevolgelinge: "Die oes is groot en die arbeiders is min. Vra daarom van die Meester van die oes, om werkers uit te stuur na Sy oes." Matt. 9:37 en 38.

Hy sê vir hulle: "Die oes is groot en die werkers is min. Bid daarvolgens die Meester van die oes om arbeiders in Sy oes uit te stuur.
Let op, gaan! Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe.
Neem geen beurs of reissak of sandale nie en groet niemand op die pad nie,
maar in watter huis julle ook al mag ingaan, sê eers: 'Vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir hierdie huis'
en as daar 'n seun van vrede (harmonie) is, sal julle vrede op hom rus; anders sal dit na julle toe terugkom.
Bly dan in dieselfde huis en eet en drink wat hulle het, want die werker verdien sy loon.[1]
Moenie wissel van huis tot huis nie
en in watter stad julle ook mag ingaan en hulle ontvang julle, eet wat aan julle voorgesit word
en genees die siekes wat daarin is en sê vir hulle: 'Die Koninkryk van God is naby julle,'
maar in watter stad julle ook al ingaan en hulle jul nie ontvang nie, gaan uit in sy strate en sê:
'Die stof wat uit julle stad aan ons vassit, vee ons vir julle af; meer nog moet julle dit weet: dat die Koninkryk van God naby julle gekom het.'
Ek sê vir julle: vir S'dom sal dit meer uithoudbaar wees in dié dag as vir daardie stad.
Luk. 10:2 tot 12.

3. Elkeen van die 250 volgelinge (owerstes; leiers) van Korag was bereid om sy vuurpan met reukwerk voor die aangesig van YHVH te bring (Num. 16:16 tot 19). Elke owerste

was dus oortuig dat hy die een sou wees wat YHVH sou kies! Het elkeen van hulle hul eie geregtigheid opgerig? Was hulle hoogmoedig? Het hulle gevoel hulle word verontreg? Rig ons nie ook dikwels geneig om onsself te regverdig en om ook dikwels verontreg te voel nie?

4. Let ook op die invloed wat hierdie 250 owerstes reeds op die volk gehad het, want die volgende dag het die volk teen Moses en Aäron gemurmureer en gesê: *Julle het die volk van YHVH dood gemaak!* (Num. 16:41). Daarop het ‘n plaag onder die volk uitgebreek en dié dag het veertienduisend-sewehonderd gesterf voor Aäron versoening vir die volk kon doen (Num. 16:46 tot 49). Daarom waarsku die skrywer van die brief aan die Hebreërs ons teen ‘n wortel van bitterheid wat baie kan besoedel (Heb. 12:15)! Hoe maklik kan ons ook in hierdie slagyster trap?

5. Kan rebellie teen YHVH geestelike dood veroorsaak? Onthou dat Korag en die owerstes, asook diegene wat deel was van die rebellie van Korag, was almal gered deur die bloed van die lam wat hulle aan die deurkosyne van hulle huise in Egipte gesmeer het. Kan ons hierdie ook vandag van toepassing maak op die wat glo dat hulle gered is deur die bloed van die Lam van YHVH, maar hulle rebelleer teen YHVH se Torah en Sy gesagstruktuur van die Melgisédekorde van die nuwe verbond? Is YHVH se genade in Yeshua so groot dat enige vorm van rebellie soortgelyk aan die van Korag oorgesien sal word? Verwys Open. 18:4 en 2 Kor. 6:17 – ook hier lees ons: *raak nie aan wat onrein is nie*. Loop ons nie gevaar om ook geoordeel te word indien ons met ongehoorsaamheid en rebellie ‘flankeer’ nie?

6. Is Rabbynse Judaïsme skuldig aan rebellie teen YHVH?

7. Lees Num. 16:21 tot 27 en vergelyk dit met Open. 18:4. Soos in die geval van die rebellie van Korag en die 250 owerstes is ons opdrag ook: *Gaan uit haar uit, My volk, sodat.....*! Kom weg van diegene wat teen YHVH se Torah en YHVH se gesagstruktuur rebelleer! Wat van diegene wat steeds Sondag kerk toe gaan en tog YHVH se Torah andersins volg? Loop hulle gevaar om saam met Korag lewendig na die doderyk af te daal of deur YHVH se vuur verteer te word (Num. 16:30 tot 35)?

8. Kan jy iemand anders verander of kan jy net jouself verander?

9. Moses was gereeld gekritiseer, maar ‘n belangrike les om te leer wanneer jy gekritiseer word, is die volgende: *When we come in contact with a very critical person, we need not take offense at what he says. This is the way he speaks to all people so there is no reason to take it personally. Realize that the problem is his, not yours, and you free yourself from any possible hurt feelings from what he says.*

10. Die lering van Matthew Nolan (Torah To The Tribes) oor parashah 38 word aanbeveel en kan afgelaai word by die volgnede skakel: https://www.youtube.com/watch?v=4EMIr_lHGAA&feature=youtu.be

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.